

## Fondsinsameling vir versorgingshuise in omgewing

Die Camino de Santiago 773.9km roete in die noorde van Spanje word jaarliks deur duisende pelgrims afgelê.

Gedurende die COVID-19 inperking het 'n paar hardloop vriende besluit om die roete virtueel aan te pak en die 773,9km oor 17 weke te hardloop. Die reis was inisieel 'n inspirasie vir ons om fiks te bly na die teleurstelling dat die 2020 Comrades die jaar gekanselleer is, maar dit het 'n dieper betekenis begin aanneem.



Behalwe dat die maats 45.52km minimum 'n week moes hardloop, het hul padlangs begin gesels oor hoe hul geld kon insamel vir mense wat nie so gelukkig is soos hulle nie.

Ek het toestemming by die Raad gevra om namens Huis Herfsblaar fondse te insamel vir versorgingshuise van ons omgewing wat in nood verkeer. Ons is drie wat ingeskryf het vir die Camino de Santiago en kan daagliks ons vordering op 'n kaart soos bo opdateer vir die inwoners om ons vordering te sien. Indien u tot die goeie saak 'n bedrag wil bydrae of selfs ons km's per maand wil borg, vra ons dat u 'n elektroniese bydrae maak by:

Ons hoop dat ons so plekkie in u hart kan los hardloop vir ander se nood!

#

### Dan is daar "n verdere 'geleentheid binne "n geleentheid"

Ons ander hardloop vriende, die Skillies, het besluit om ons te help met die 'pelgrimstog' en hardloop saam op Saterdag, 29 Augustus 2020, as deel van 'n landwye virtuele afloswedloop wat so 300 atlete insluit en 12 ure duur.



My vrou, Zelna, en ek is in 'n span (let wel wie hardloop voor...).

Ons basis vir die Skillies is vanaf my huis (op die hoek van Garret en Webb) waar daar wel groot bedrywighede met al die nodige Covid-19 voorsorg sal plaasvind.

Die Skillies het agt spanne van twee mense elk wat van my huis af sal draf / stap en rondtes voltooi wat voor my klein hekkie begin:- regs in Webbweg, links in Shilling, links in Storey en links in Garret en 1 km meet. Elke span sal 'n minimum van 80km gesamentlik op die dag moet voltooi (elke spanlid moet ten minste 40km aflê).

Die 'wedloop' begin om 6:00 Saterdag oggend en eindig om 18:00 die aand. Die doel is vir die insamel van gelde en blikkies kos vir die Wolmer na-skool projek, maar die km wat die drie hardloop vriende hierbo genoem hardloop, sal deel van hulle Camino ook vorm.

Ons hoop dat u aan ons sal dink en nog beter, daaraan sal dink om ons te ondersteun!

Groete and baie dankie,

James Black